Januarie 2024

Beste Voortrekker- en Lunsklipvriende

**LUNSKLIPKAMP: 23 – 31 Maart 2024 Senior Verkenners**
**26 – 31 Maart 2024 Junior Verkenners**

Kom kamp saam met ons op die kamp waar drie generasies Voortrekkers reeds diep spore getrap het, maar waar die program elke jaar van voor af beplan word om dit eietyds en relevant te hou.
Wie weet, dalk verander dit jou lewe soos dit al met so baie mense die afgelope 63 jaar gebeur het.

**Selfbehoud (graad 11, of 12 indien dit nie in graad 11 gedoen is nie)**
Hierdie kursus is die rede waarom Lunsklip in 1962 begin is. Dis ‘n hoogtepunt in ‘n senior Verkenner se loopbaan. Die selfbehoudkursus is ‘n ongeëwenaarde ervaring vir elke Verkenner.

**Buitegroep (graad 12)**
Buitegroep is uniek aan Lunsklip en slegs beskore vir Verkenners wat die toets van Keurkamp deurstaan het.

**Kampbeveiliging en Leierskapvaardighede (graad 10)**
Die kursus herinner ietwat aan die Noodweergroep van vroeër jare. Dis ‘n aksiebelaaide kursus vol pret met ruim geleentheid vir Verkenners om hulle leierskapvaardighede op ‘n praktiese wyse te ontwikkel.

**Natuurbewaring en Vuurwapens (graad 9)**
Lunsklip het die ideale omgewing om Natuurbewaring in aan te bied - boonop deur ‘n spesialis natuurbewaarder. Vuurwapens word baie veilg op ‘n skietbaan deur gekwalifiseerde, ervare volwassenes aangebied.

**Voetslaner en Sterrekunde (graad 9 -10)**
Drie dae se sorgvrye stap en sterrekyk in ‘n wonderskone, afgesonderde natuurreservaat is die meeste Voortrekkers se droom. Daardie droom word in hierdie kursusse bewaarheid.

**Veldvernuf en Tradisionele Spele (graad 8)**
Die ideale kursus om ‘n Verkennerloopbaan mee te begin. Avontuur en kultuur in die natuur wat enige jong Verkenner gate uit sal geniet.

**Boomidentifisering en Erfenisbewaring (graad 8)**
‘n Kursus vir die gr 8 Verkenner wat eerder in ‘n klein groepie aan spesialis aktiwiteite wil deelneem.

**Veldwerkspesialisering (Veldwerksterretjie)**
Die veldwerkspesialiseringskursus is ‘n unieke kursus wat volwasse Voortrekkers toerus met die kennis en vaardighede om ‘n kursusaanbieder en groepoffisier vir jeuglede te word.

**Kursusaanbieders (volwasse lede)**
Volwasse lede wat betrokke wil wees as kursusaanbieders of groepoffisiere, en nog nie iewers betrokke is nie, moet asseblief so gou moontlik vir Janie van Heerden kontak vir indeling by ‘n kursus. Daar word nog by elke Verkennerkursus hulp benodig.

**Kombuisgroep**
Die Lunsklipkombuis is ‘n gesellige bymekaarkomplek in die middel van die kampterrein, waar die lekker kuier die harde werk ver oorskadu. Volwassenes is welkom om in te skryf vir die groep. Al is dit net vir ‘n naweek of ‘n paar dae. Elke paar hande help.

**Taakmag**
Vir Verkenners en volwassenes wat graag diens wil lewer as deel van ‘n baie spesiale groep.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Buitegroep | Gr 12 | 23 – 31 Maart | R1200 |
| Selfbehoud | Gr 11 | 23 – 31 Maart | R1150 |
| Kampbeveiliging en Leierskapvaardighede | Gr 10 | 23 – 31 Maart | R1300 |
| Natuurbewaring en Vuurwapens | Gr 9 | 26 – 31 Maart | R1250 |
| Voetslaner en Sterrekunde | Gr 9 | 26 – 31 Maart | R1100 |
| Veldvernuf en Tradisionele Spele | Gr 8 | 26 – 31 Maart | R1100 |
| Boomidentifisering en Erfenisbewaring | Gr 8 | 26 – 31 Maart | R1100 |
| Veldwerkspesialisering (Sterretjie) vir volwassenes | | 23 – 31 Maart | R1200 |
| Kursusaanbieders en ander volwassenes | | 23 – 31 Maart | R800 |
| Kursusaanbieders en ander volwassenes | | 26 – 31 Maart | R700 |
| Taakmag (Volwassenes en gr 12 Verkenners) | | 23 -31 Maart | R800 |

Kostes sluit 'n **kamphemp met vanjaar se unieke embleem op,** in.

**Busvervoer** is beskikbaar teen **R400** per persoon vanaf die **Voortrekkermonument**, Pretoria.
Die kamp vind op die Percy Fyfe Natuurreservaat plaas. Dis geleë tussen Potgietersrus en Pietersburg.
Die Voetslaners stap in die Witvinger Natuurreservaat, 'n paar kilometer van Percy Fyfe af.
**Tente** word vir alle Verkenners verskaf, maar volwassenes sorg vir hulle eie huisvesting. Geen Verkenners bring hulle eie tente nie.

Skryf voor **1 Maart 2024** in by **http://skryfin.voortrekkers.co.za/**
Die stelsel aanvaar slegs geregistreerde Voortrekkers.

**'n Inligtingsbrief met verdere besonderhede sal na die sluitingsdatum aan elke persoon ge-e-pos word**.

Rig alle navrae aan die Adjunk-Kampleier: Administrasie, Janie van Heerden by lunsklipkamp@gmail.com of 082 582 6354. **Ook navrae mbt die beskikbaarheid van borge vir Verkenners en volwassenes met finansiële uitdagings.**

Besoek gerus ons webwerf by www.lunsklip.org.za of sluit aan by ons Facebook-groep Lunsklip.

**Malan le Roux**
**Kampleier**
**Sel: 071 609 5167**

*Wees Meer. Wees daar. Daar is net een.*